



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2014

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (25 x 2) (50)
2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A.
3. Beantwoord TWEE vrae uit AFDELING B.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloiediagram/ kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.
7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Voorsien elke teks van 'n gepaste titel/opskrif.
LET WEL: Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 **Die lewe is nie 'n lang en kalm rivier nie.** [50]

OF

1.2 'n Pakslae help om dissipline en roetine in die huis te handhaaf. [50]

OF

1.3 **As ouers te veel druk.** [50]

OF

1.4 Die **een ding** wat die **lewe** my geleer het, is dat 'n mens nooit vir "**die regte oomblik**" moet **wag** nie. Die oomblik wanneer die **omstandighede perfek** is vir wat jy wil doen, wanneer die **risiko's uitgeskakel** is, en jy **veilig voel** om jou **ding te doen** – dit breek nooit aan nie. Jy moet **nóú** daardie **droom** navolg, daardie **berg** voor jou **takel**, daardie **wedloop** aanpak ... **risiko's** en **al**.
Maurice Chevalier [50]

OF

1.5 *Toe ek my oë oopmaak...* [50]

OF

1.6 1.6.1



[50]

[Bron: www.crystalgraphics.com]

OF

1.6.2



[50]

[Bron: www.gettyimages.com]

OF

1.6.3



[Bron: Internet] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180–200 woorde elk.

2.1 BEDANKINGSBRIEF

'n Voormalige bendeleier het onlangs 'n motiveringstoespraak vir graad 11-leerders by jou skool gelewer.

Skryf 'n BEDANKINGSBRIEF waarin jy julle waardering uitspreek vir die belangrike lesse wat julle daaruit geleer het. [25]

OF

2.2 TYDSKRIFARTIKEL

'n Matriekleerder van jou skool het die skool se naam hoog gehou toe hy/sy uitmuntend in die 2013 eindeksamen presteer het. Na 'n onderhoud met hom/haar, besluit jy om 'n artikel oor hierdie matriekleerder te skryf.

Skryf 'n TYDSKRIFARTIKEL oor hierdie leerder. [25]

OF

2.3 FORMELE BRIEF

Jy het onlangs in 'n tydskrif geles van 'n projek wat op 'n praktiese manier 'n wesenlike bydrae tot hoërskoolleerders se opvoeding wil maak. Skryf 'n brief aan die "Reg tot opvoeding-projek" waarin jy motiveer waarom die organisasie jou skool moet besoek.

Rig jou brief aan:

Die Koördineerder
Posbus 3609
Roggebaai
2017

[25]

OF

2.4 BRIEF AAN DIE PERS

Jy het 'n berig in die koerant geles van tienerdogters wat deur hul kêrels geslaan word.

Skryf 'n brief aan jul plaaslike koerant waarin jy jou opinie lug. [25]

OF

2.5 KOERANTBERIG

Bestudeer die volgende koerantopskrifte en skryf 'n KOERANTBERIG oor EEN van die opskrifte.

Hond gryp sy Samaritaan aan keel

**HOOFLAATSKOOLFLOREER
ONDANKS PERSOONLIKE
TERUGSLAE**

**VROU STERF TOE MASSIEWE BOOMTAK BEWEGENDE MOTOR
TREF**

Draaiers skitter in Stellenbosch

[25]

OF

2.6 TOESPRAAK

As voorsitter van die leerlingraad word jy gevra om tydens die weeklikse saalbyeenkoms 'n toespraak te lewer oor die tienerprobleme in julle gemeenskap asook moontlike oplossings oor hoe om dit te hanteer.

Skryf die toespraak neer.

[25]

TOTAAL AFDELING B (25 x 2): 50
GROOTTOTAAL: 100

